

15 April

Skrifgedeelte: Spreuke 4:20-27 (OAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 4:23

Hartsake bepaal lewenssake ...

Spreuke 4:23 is bekende woorde. En by uitnemendheid plaas hierdie spesifieke Spreukevers 'n belangrike waarheid oor die alledaagse lewe binne menskinders se bereik. God se eeue-oue kosbare wysheid verstaanbaar en toeganklik vir elke mens wat aandagtig luister ... *Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word!* Nie omdat die hart 'n mens se belangrikste orgaan is nie, maar veel belangriker: omdat dit die uitgangspunt vir en van die lewe is. Jou hart ... beginpunt, ankerpunt, middelpunt en sentrum van die lewe. Jou hart as beginpunt en bergplek van 'n mens se denke, taal en doen en late. Inderdaad, hartsake bepaal lewenssake. Die hart, kernplek van die lewe. En daarom die waarwoord van die Spreukeskrywer om jou hart ten alle koste te bewaar, daaroor te waak, meer as alles wat vir jou kosbaar is. Rein van hart en gemoed.

Jou hart ... die woonplek van die Gees van God. Die vesting van grootse betekenis. Die innerlike oorsprongplek van die ware lewe. My hart, die fontein van die lewe. Liefde, respek, insig en uitsig, waardes, norme, beginsels, geloof. Geen hart van klip, maar 'n hart van vlees! Deernis, selfbeheersing, naasteliefde, getrouheid. My hart op te pas ten alle koste. Biddend te lewe en lewenslank te vra: *"Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Here, my rots en my verlosser"* (Ps. 19:15).

My hart, duur gekoop. Vrygekoop. Gewas in die bloed van Christus Jesus, die Gewer van die lewe. Die Gewer van nuwe harte en die nuwe lewe. Toets my hart en lees my gedagtes. Deurgrond my hart, Heer, leer my leef! (Ps. 139).

Vader in die hemel, lei my om my hart te bewaak, ten alle koste, die beginplek van my lewe tot u eer!

Sing: Psalm 139:1, 12

Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)